# Gesels saam

## GRAAD 7-10

## WELKOM

Maak 'n "human knot" saam. Dit werk so: Staan in 'n sirkel en kyk vir mekaar. Almal moet dan hulle linkerhande in die lug steek en iemand oorkant hulle se linkerhand neem. Daarna moet almal hulle regterhande in die lug steek en iemand anders oorkant hulle se regterhand neem. Jy mag nie dieselfde persoon se hande neem nie, en ook nie die persone langs jou s'n nie. Die groep moet dan probeer om hulleself te "ontknoop" sodat hulle weer 'n sirkel vorm, maar hulle mag nooit mekaar se hande los nie.

Dit is moontlik dat die knoop nie ontknoop kan word nie, of dat daar twee sirkels vorm. As julle op 'n punt kom wat julle nie verder kan gaan nie, begin van voor af en probeer 'n tweede keer. Die speletjie begin met almal in 'n chaotiese knoop en eindig wanneer almal een groot sirkel vorm.

Terwyl die groep in 'n sirkel staan, gesels saam oor die ervaring:

- Hoe het dit gevoel om so "geknoop" te wees?
- Hoe voel dit wanneer jou lewe deurmekaar en chaoties is?

Vandag gesels ons oor God wat skep en orde bring in 'n chaotiese wêreld. Hy nooi ons, as sy beelddraers en verteenwoordigers, om aan hierdie skeppingswerk deel te neem.

## WONDER

Lees Genesis 1:1-13 saam.

Gesels saam:

- Daar is 'n patroon in die skeppingsverhaal. Kyk of julle op grond van die eerste drie dae kan uitwerk wat op dag vier, vyf en ses geskep word.

Lees Genesis 1:14–2:4 saam.

Gesels saam:

- Wat is die doel van die sewende dag? Hoe verskil dit van die vorige dae?
- Hoe verskil God se skepping van 'n wêreld vol chaos?

Genesis 1 wys vir ons die onbegryplike krag van God terwyl Hy die chaotiese waters skei en orde in die skepping bring. God vestig tyd, die lug, die see en die land, en dan vul Hy hierdie ruimtes met lewe. God bring balans en ritme. Genesis 1 wys die noukeurig ontwerpte kosmos vanuit 'n antieke perspektief en maak dit duidelik dat God se goeie wêreld 'n plek is waar hemel en aarde oorvleuel. Dit is 'n plek waar God mense nooi om langs Hom te heers en te skep, om lewe en seën vir die hele skepping te bring.

## WEES

Julle gaan nou saam skep. Verdeel die jongmense in groepe. Gee vir elke groep genoeg rou spaghetti en mini-malvalekker om 'n "stokmensie" mee te bou. Hierdie stokmensie is 'n simboliese voorstelling van hulleself. Die jongmense moet onthou dat God ons almal as sy verteenwoordigers gemaak het.

Die idee is dat die jongmense so kreatief moontlik met die chaotiese onderdele moet wees. God skep mense met die doel om saam met Hom verder te skep.

Terwyl die groep saam skep, gesels oor die volgende vraag:

- Wat beteken dit vir julle om God se verteenwoordigers en medewerkers te wees?

## WEGSTUUR

Kies 'n dag in die week om na die sterre te kyk. Terwyl jy daarna kyk, onthou dat God die wêreld goed geskep het.